SA Boerperdtelers herbesin hingskeuring

***deur* Izak Hofmeyr**

Die eerste groepskeuring van jong SA Boerperdhingste het onlangs in Pretoria plaasgevind. Die SA Boerperdtelers-genootskap het besluit om amptelike keuringsdae vir jong hingste in die verskillende streke aan te bied, sodat die gebied se hingste op een dag in 'n groep gekeur kan word.

'n Paneel van vier keurders, waarvan twee kan roteer, sal al die keurings in die onderskeie streke waarneem. Hulle maak van 'n keuringsvorm gebruik, waarop die jong hingste op verskillende aspekte van hul konformasie gepunt word. Om as SA Boerperdhings gekeur te word, moet 'n hings 'n gemiddeld van 75% behaal.

Dit is volgens die president van die genootskap, Michiel Burger, belangrik om daarop te let dat die keuringsproses gebaseer is op die minimumvereistes wat volgens die Standaard van Voortreflikheid vereis word om 'n hings as teeldier in die ras toe te laat.

"Wanneer 'n hings die gesogte Boerperd-brandmerk op sy regterboud dra, beteken dit dat hy aan die minimumvereistes ten opsigte van korrekte konformasie en temperament voldoen. Dit beteken nie dat hy volgens die oordeel van die keurders suksesvol op 'n skou sal presteer nie. Daar moet 'n onderskeid tussen korrektheid en mooiheid getref word."

Die keuringsproses begin deur al die kandidaat-hingste gesamentlik in die arena te laat aantree, waarna hulle die arena verlaat en een-een beoordeel word. Die beoordeling bestaan uit 'n taksering van die konformasie en dan 'n evaluering van die dier se beweging. Aan die einde van die proses, word aangekondig of die dier die keuring geslaag het of nie.

Die eienaars van afgekeurde diere kan binne 10 dae appèl teen die uitslag aanteken, waarna die dier weer binne 30 dae vir keuring aangebied moet word. Vir hierdie herkeuring, moet daar drie keurders teenwoordig wees.



Na die perde gekeur is, word die B-brand in die openbaar op die regterboud aangebring

Die jong hings, Vuurslag Sybrand, wys sy beweging tydens sy keuring

Indien 'n dier afgekeur word, maar tog meer as 60% behaal het, kan hy, nadat bewys gelewer is dat hy reeds gekastreer is, wel met die B-brand gebrandmerk word.

Aan die einde van die keuringsproses word al die gekeurde hingste in die openbaar die SA Boer-perdbrandmerk op die regterboud toegedien en 'n haarmonster word vir DNA-ontleding geneem.

"Die eerste gesamentlike keuring van Boerperdhingste," het Burger gesê, "het reeds bewys dat dit geslaagd was as mens in gedagte hou dat van die 30 perde wat oorspronklik vir keuring geregistreer was, net sewe op die ou end aangebied is. Dit beteken dat telers self begin diskrimineer oor die kwaliteit wat hulle vir keuring voorlê." **SAH**